

**Toepassingsmoontlikhede van
Rekenaargesteunde Onderwys met
milieubenadeelde leerders in Wiskunde in
die senior primêre fase**

deur

Henriette Magaretha Janse van Rensburg

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Philosophiae Doctor

in

Rekenaargesteunde Onderwys

in die Departement Didaktiek


Fakulteit Opvoedkunde

Universiteit van Pretoria

Promotor: Prof Dr JC Cronjé

Mede-promotor: Prof Dr JG Maree

Oktober 1999



SUMMARY

The implications of Computer Aided Education for milieu-deprived learners in mathematics in the senior primary phase.

A thesis

by

Henriette Magaretha Janse van Rensburg

Supervisor:

Prof Dr JC Cronjé

Associate Supervisor:

Prof Dr JG Maree

Department:

Didactics

Degree:

Philosophiae Doctor

This research served to assess how computer drills, tutorials, games and a spreadsheet could be used in teaching word sums in grade six mathematics for milieu-deprived learners.

The following matters are discussed: reasons why technology should be applied in teaching and learning of mathematics, why spreadsheets, drills, tutorials and games in particular, should be used in teaching mathematical concepts and skills for milieu-deprived learners, and the premises on which the design of computer-based lessons with the aid of a spreadsheet, drills, tutorials and games are based.

Nine lessons lasting 45 minutes each were developed using a spreadsheet (**AsEasyAs 4.0**), games (**GOOGOL 2.0**), tutorials (**CAIROO** and **AniFarm**) and a drill (**Funnels and Buckets 2.0**). A formative evaluation followed during which these lessons were presented. These lessons were presented to 30 milieu-deprived learners, 30 learners from an average socio-economic background and 14 subject matter experts. Questionnaires were used to assess attitudes and cognitive refinement.

The qualitative results showed that a CAI-approach could provide specific benefits to milieu-deprived learners not obtainable from conventional teaching.

Key words: drills, tutorials, games, spreadsheet, mathematics, milieu-deprived, technology, second language teaching, word sums, constructivism.

OPSOMMING

Toepassingsmoontlikhede van Rekenaargesteunde Onderwys met milieubenadeelde leerders in Wiskunde in die senior primêre fase.

'n Proefskrif

deur

Henriette Magaretha Janse van Rensburg

Promotor:	Prof Dr JC Cronjé
Mede-promotor:	Prof Dr JG Maree
Departement:	Didaktiek
Graad:	Philosophiae Doctor

Hierdie navorsing stel dit ten doel om ondersoek in te stel na die toepassingsmoontlikhede van rekenaargesteunde onderwys (met spesifieke verwysing na dril en inoefeningprogramme, tutoriale, speletjies en sigbladpakkette) om wiskunde-onderrig van milieubenadeelde leerders te verbeter.

Die volgende aspekte word aangespreek: redes vir die toepassing van tegnologie in wiskunde-onderrig, hoekom sigbladpakkette, dril en inoefeningprogramme, tutoriale en speletjies in die besoneer geïntegreer behoort te word in die onderrig van wiskundige konsepte en vaardighede van milieubenadeelde leerders, die aannames waarop die ontwikkeling van rekenaargesteunde lesse met die sigbladpakkette, dril en inoefeningprogramme, tutoriale en speletjies berus.

Nege lesse van 45 minute elk is ontwikkel waar daar gebruik gemaak word van 'n sigbladpakket (**AsEasyAs 4.0**), speletjies (**GOOGOL 2.0**), tutoriale (**CAIROO** and **AniFarm**) en 'n dril en inoefeningprogram (**Funnels and Buckets 2.0**). Die lesse is formatief geëvalueer ten einde die doeltreffendheid en effektiwiteit daarvan te verbeter. Hierdie lesse is aangebied vir 30 milieubenadeelde leerders, 30 leerders van 'n gemiddelde sosio-ekonomiese agtergrond en 14 vakkundiges. Die lesse is met behulp van vraelyste, waarneming en werkkaarte geëvalueer.

Die kwalitatiewe resultate wys dat 'n RGO-benadering spesifieke voordele vir milieubenadeelde leerders inhou wat nie deur die tradisionele onderrigmetode verkrygbaar is nie.

Sleutelwoorde: dril en inoefeningprogram, tutoriaal, speletjies, sigbladpakket, wiskunde-onderrig, milieubenadeelde, tegnologie, tweedetaalonderwys, woodsomme, konstruktivisme.

DANKBETUIGINGS

My opregte dank en waardering gaan aan die volgende persone:

1. My studieleier, Prof dr Johannes C Cronjé, wat met entoesiasme en belangstelling, leiding in die skryf van hierdie proefskrif gegee het.
2. My mede-studieleier, Prof dr JG Maree wat met besondere insig belangrike insette gelewer het.
3. My moeder, Hettie Barnard, aan wie ek hierdie studie opdra vir haar motivering en opoffering.
4. My gesin, Pierre, Barnard en Henriette vir hul aanmoediging, geduld en ondersteuning die afgelope vier jaar.
5. Aan me Sharon Volker, vir al haar vriendelikheid, geduld, besondere ywer en noukeurige tikwerk.
6. Aan die hoofde, personeel en leerlinge van die onderskeie skole.
7. Aan me El-Marie Mostert vir die noukeurige taalversorging.
8. Me Rina Owens en Me Joan Clark vir die hulp en verwerking van die statistiese gegewens.

HEIL DIE LESER

**STATISTIESE ONTLEDING VAN DATA :
MEV HMJ VAN RENSBURG**

Ek verklaar hiermee dat die dataverwerking deur myself, en die statistiese analise en interpretasie van die empiriese studie onder leiding van Mej. J Clark gedoen is.

J H Owen

**J.H. OWEN (MEV)
NETWERKE EN GEBRUIKERSONDERSTEUNING
DEPARTEMENT INLIGTINGTEGNOLOGIE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

HEIL DIE LESER

TAALVERSORGING VAN PROEFSKRIF: MEV H M JANSE VAN RENSBURG

Hiermee verklaar ek dat ek die taalversorging van hierdie proefskrif gedoen het.



El-Marie Mostert

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1: Agtergrond met betrekking tot die navorsingsprojek	1
1.1 Inleiding.....	2
1.2 Doelstellings met die navorsing.....	5
1.2.1 'n Literatuurondersoek	5
1.2.2 'n Reeks rekenaargesteunde lesse	5
1.2.3 Die praktiese uitvoerbaarheid van die model.....	6
1.3 Navorsing	7
1.3.1 Soortgelyke navorsing in Suid-Afrika.....	7
1.3.2 Die onderhawige studie: navorsingsvrae.....	8
1.4 Begripsomskrywing.....	9
1.4.1 Rekenaargesteunde onderwys (RGO)	10
1.4.2 Milieubenadeeldheid	10
1.4.3 Tweedetaalonderwys	10
1.4.4 Rekenaargesteunde onderwysprogramme.....	11
1.4.5 Konstruktivisme.....	11
1.4.6 Probleemgesentreerde onderwys.....	12
1.5 Hooftrekke van verslaglewering	12
Hoofstuk 2: Literatuurstudie: die milieubenadeelde leerder en rekenaargesteunde wiskunde-onderwys	13
2.1 Inleiding.....	15
2.2 Die problematiek van die milieubenadeelde leerder.....	15
2.2.1 Inleiding: definisies en benaminge	15
2.2.2 Milieubenadeeldheid: perspektief.....	16
2.2.3 Die milieubenadeelde situasie: internasionaal en plaaslik	18
2.2.3.1 Internasionale perspektief.....	18
2.2.3.2 Die situasie in Suid-Afrika	19
2.2.4 Kenmerke en agterstande van die milieubenadeelde leerder	22
2.2.4.1 Fisieke tekorte.....	22
2.2.4.2 Ervaringsagterstande	23
2.2.4.3 Taalagterstande	24
2.2.4.4 Ondoelmatige leerstyl	25
2.2.4.5 Onderwysagterstande.....	25
2.2.4.6 Kognitiewe agterstande.....	27
2.2.4.7 Sosiaal-afektiewe agterstande	27
2.2.5 Onderwys vir die milieubenadeelde leerder.....	28
2.3 Wiskunde, leer en die milieubenadeelde leerder	29
2.3.1 Beleid.....	29
2.3.2 Wiskunde konsepsillabus	30
2.3.3 Teoretiese agtergrond.....	31
2.4 Die rol van die rekenaar in die onderwys.....	36
2.4.1 Inleiding	36
2.4.2 Indeling van rekenaargesteunde onderwys.....	38
2.4.3 Enkeldoelige programmatuur	39

2.4.3.1	Dril en inoefeningprogramme	39
2.4.3.2	Tutoriale	43
2.4.3.3	Rekenaargesteunde speletjies	45
2.4.4	Meerdoelige programmatuur	48
2.4.4.1	Sigbladpakkette	48
2.5	Toepassingsmoontlikhede van RGO met spesifieke verwysing na wiskunde ...	50
2.5.1	Inleiding	50
2.5.2	Wiskundesillabus	51
2.5.3	Klaskamerpraktyk	52
2.5.3.1	Rekenaargesteunde wiskunde-onderwys	53
2.5.3.2	Beskikbaarheid van rekenaarprogrammatuur	54
2.5.3.3	Toepassingsmoontlikhede van die rekenaar in wiskundelesse	56
2.6	Samevatting	59
Hoofstuk 3: Die projek: 'n RGO-benadering tot wiskundelesse vir graad ses leerders met behulp van 'n dril en inoefeningprogram, 'n speletjie, 'n tutoriaal en 'n sigbladpakket		61
3.1	Inleiding	62
3.2	Die projek	62
3.2.1	Situasie-analise	62
3.2.2	Die navorsingsplan	63
3.2.3	Projekontwerp	64
3.2.3.1	Inleiding	64
3.2.3.2	Die aard van die proeflesse	65
3.2.4	Formatiewe evaluering van die proeflesse	67
3.2.5	Implementering van die finale lesreeks	69
3.2.5.1	Inleiding	69
3.2.5.2	Ontwerp	70
3.2.5.3	Ontwikkeling	72
3.2.5.4	Implementering	73
3.2.5.5	Evaluering	75
3.3	Samevatting	76
Hoofstuk 4: Metode van ondersoek		77
4.1	Inleiding	78
4.2	Seleksie	78
4.2.1	Seleksie van leerders	79
4.2.1.1	Teikengroep	79
4.2.1.2	Vergelykende groep	80
4.2.2	Seleksie van onderwysers	80
4.2.3	Seleksie van vakkundiges	80
4.3	Dataversameling en -instrumente	81
4.3.1	Agtergrond	81
4.3.2	Die dataversamelingsplan	83
4.3.3	Die navorsingsverloop	84
4.3.4	Dataversamelingsinstrumente en -modi	86
4.3.4.1	Werkkaarte	86
4.3.4.2	Video- opnames en foto's	86
4.3.4.3	Vraelyste	87

4.3.4.4	Waarnemings	87
4.3.4.5	Onderhoude en/of gesprekke.....	88
4.4	Verantwoording van die navorsingsmetodologie	88
4.4.1	Kwalitatiewe navorsing.....	88
4.4.2	Intermetodiese kruisvalidasie	89
4.5	Slotopmerking.....	90
 Hoofstuk 5: Dataverwerkingsprosedures en -verwerking		91
5.1	Inleiding.....	93
5.2	Agtergrond	93
5.2.1	Vraelyste.....	94
5.2.2	Vakkundiges	94
5.2.3	Waarnemers	95
5.3	Dataverwerkingsprosedures en -verwerking van die navorsingsvrae	96
5.3.1	Wat is die aard van milieubenadeeldheid van die teikenbevolking?	96
5.3.1.1	Wat is die ouderdom, geslag en huistaal van hierdie teikenbevolking (demografiese inligting)?	96
5.3.1.2	Wat is die leerders se fisieke en veiligheidsbehoefte volgens Maslow se hiërargie (lopende water en elektrisiteit, toesig en voedselvoorsiening)?	97
5.3.2	Watter probleme manifesteer wanneer milieubenadeeldes wiskunde-onderwys ontvang?	103
5.3.3	Watter probleme manifesteer wanneer milieubenadeeldes rekenaargesteunde wiskunde-onderwys ontvang?	104
5.3.3.1	Is dit maklik om die instruksies op die skerm te volg?	104
5.3.3.2	Kan die gekose rekenaarapparatuur die aanleerproses by die leerders bemoelik? ..	106
5.3.3.3	Is die moeilikheidsgraad van die lesse geskik vir die teikengroep?	109
5.3.4	Kan die rekenaar 'n sinvolle rol speel in wiskundelesse vir milieubenadeeldes (of is die agterstand so groot dat die rekenaar 'n addisionele las word)?	110
5.3.4.1	Sal die leerders effektiewe denkprosesse aanwend?	110
5.3.4.2	Wat is die leerders se houding ten opsigte van die lesse?	115
5.3.4.3	Wat is die vakkundiges se houding ten opsigte van die lesse?	119
5.3.4.4	Wat is die waarnemers se houding ten opsigte van die lesse?	122
5.3.4.5	Hoe kan die lesse verbeter word?.....	122
5.3.4.6	In hoe 'n mate maak die rekenaar die onderwerp interessanter?	126
5.3.4.7	Is die les- en leerdoelwitte bereik?	127
5.3.5	Hoe toepaslik is die aspekte van die rekenaar wat nagevors is (naamlik rekenaargesteunde dril en inoefeningprogramme, tutoriale, speltjies en sigbladpakkette)?	127
5.3.5.1	Kan enkel- en meerdoelige programmatuur sinvol in die wiskundelesse geïmplementeer word?	128
5.3.5.2	Sal die leerders meer baat vind by koöperatiewe leer?	130
5.4	Samevatting	132
 Hoofstuk 6: Gevolgtrekking en aanbevelings		133
6.1	Inleiding.....	134
6.2	Samevatting van die navorsing	135
6.3	Beantwoording van die vyf navorsingsvrae	136

6.3.1	Wat is die aard van milieubenadeeldheid van die teikenbevolking?	136
6.3.2	Watter probleme manifesteer wanneer milieubenadeeldes wiskunde- en rekenaargesteunde wiskunde-onderwys ontvang?.....	137
6.3.3	Kan die rekenaar 'n sinvolle rol speel in wiskundelesse vir milieubenadeeldes (of is die agterstand so groot dat die rekenaar 'n addisionele las word)?	140
6.3.4	Hoe toepaslik is die aspekte van die rekenaar wat nagevors is (naamlik rekenaargesteunde dril en inoefeningprogramme, tutoriale, speletjies en sigbladpakkette)?	142
6.4	Beantwoording van die hoofprobleem van die navorsing	145
6.5	Beperkings van die onderhawige studie	145
6.6	Aanbevelings ter verbetering van die lesse	145
6.7	Slotopmerking.....	146
6.8	Voorstelle vir verdere navorsing	147
Bibliografie	148
Bylaag A	Wiskundelesse: Lesreeks een	156
Bylaag B	Lesreeks 2	161
Bylaag C	Wiskundelesse: Lesreeks drie	164
Bylaag D	Vraelys aan leerlinge - Afrikaanse en Engelse weergawe	173
Bylaag E	Vraelys aan vakkundiges - Afrikaanse en Engelse weergawe	187
Bylaag F	Vraelys aan waarnemers - Afrikaans en Engelse weergawe	194
Bylaag G	Leerlinginligting (Milieubenadeelde groep).....	198
Bylaag H	Leerlinginligting (Vergelykende groep)	199
Bylaag I	Response op houdingsvraelys (Milieubenadeelde groep)	200
Bylaag J	Response op houdingsvraelys (vergeljende groep)	203
Addendum	Toestemmingsbriewe om navorsing te doen	206

Lys van Figure

Figuur 1.1	Uiteensetting van Hoofstuk 1	2
Figuur 1.2	Onderwysverkryging van die milieubenadeeldes volgens geografiese indeling (%).....	3
Figuur 2.1	Uiteensetting van Hoofstuk 2	14
Figuur 2.2	'n Skematiese voorstelling van die geheelbeeld van milieubenadeeldheid (Garbers, 1980:52)	17
Figuur 2.3	Die sirkel van armoede.....	18
Figuur 2.4	Milieubenadeeldes volgens rasse-indeling (%).....	20
Figuur 2.5	Voorkoms van milieubenadeeldes volgens die verskillende provinsies (HOP, 1995:10).....	21
Figuur 2.6	Kenmerke van huishoudings van milieubenadeeldes volgens gebiede	22
Figuur 2.7	Die behoefte-hiërargie van Maslow (Pretorius, 1994)	23
Figuur 2.8	Die rekenaar vanuit 'n radikale konstruktivistiese perspektief (Smith, 1994)	34
Figuur 2.9	Die rekenaar vanuit 'n sosiale konstruktivistiese perspektief (Smith, 1994).....	34
Figuur 2.10	Verandering in die dink- en leerproses van behaviorisme na konstruktivisme.....	35
Figuur 2.11	Indeling van rekenaargesteuende onderwys soos voorgestel deur Lippert en Knoetze (1991)	38
Figuur 2.12	Situasies waar RGO 'n betekenisvolle verskil maak	39
Figuur 2.13	Die leerkurwe: afname in foutering as gevolg van inoefening soos voorgestel deur Schunk (1991:135)	40
Figuur 2.14	Die indeling van die algemene strategie en vloei van rekenaargesteuende dril en inoefeningprogramme (Alessi en Trollip, 1991).....	41
Figuur 2.15	Indeling van die algemene struktuur en vloei van 'n tutoriaal (Alessi en Trollip, 1991)	44
Figuur 2.16	Die algemene struktuur en vloei van 'n rekenaargesteuende speletjie soos voorgestel deur Alessi en Trollip (1991).....	46
Figuur 3.1	Uiteensetting van Hoofstuk 3	62
Figuur 3.2	Vervoer van die leerders	70
Figuur 3.3	Zoeloesprekende waarnemers verleen hulp tydens lesse	72
Figuur 3.4	'n Oomblik van bemeestering	74
Figuur 4.1	Uiteensetting van Hoofstuk 4	78
Figuur 4.2	Navorsing in drie dimensies (Mouton en Marais, 1991:175).....	88
Figuur 4.3	Intermetodiese kruisvalidasie	90
Figuur 5.1	Uiteensetting van Hoofstuk 5	92
Figuur 5.2	Tipes voedsel wat die leerders ten minste elke dag eet en drink (Vraag 11. Bylaag D, p. 173)	100
Figuur 5.3	Wie kyk na jou na skool? (Vraag 12. Bylaag D, p. 173)	100
Figuur 5.4	Veranderlikes wat milieubenadeeldheid kan impliseer.....	102
Figuur 5.5	Leerders se gemiddelde punte in die voor- en natoetse (milieubenadeelde groep)	113
Figuur 5.6	Leerders se gemiddelde punte in die voor- en natoetse (vergelijkende groep)	115
Figuur 5.7	Waarvan het die leerders die meeste / minste gehou? (milieubenadeelde groep)	124
Figuur 6.1	Uiteensetting van Hoofstuk 6	134


Lys van Tabele

Tabel 1.1	Evalueringmodel vir die navorsingsprojek	6
Tabel 1.2	Die resultaat van die soektog by die RGN se NEXUS-databasis.....	7
Tabel 1.3	Navorsingsvrae opgestel vir die projek	8
Tabel 2.1	Vergelykbare sosiale aanwysers (HOP, 1995:6).....	19
Tabel 2.2	Die essensies van behaviorisme en konstruktivisme	31
Tabel 2.3	Leeraannames.....	32
Tabel 2.4	Voor- en nadele van die gebruik van rekenaargesteunde dril en inoefeningprogramme.....	41
Tabel 2.5	Die voor- en nadele van die gebruik van rekenaargesteunde tutoriale	45
Tabel 2.6	Die voor- en nadele van die gebruik van rekenaargesteunde speletjies	47
Tabel 2.7	Die voor- en nadele van die gebruik van 'n sigbladpakket	49
Tabel 2.8	Algemene voor- en nadele van rekenaargesteunde wiskunde-onderwys.....	54
Tabel 2.9	Uittreksel uit die rekenaarkatalogus van die Suid-Afrikaanse filmoteek.....	55
Tabel 2.10	Voorbeelde van kommersiële rekenaarprogrammatuur	55
Tabel 2.11	Integrering van didaktiese grondvorme en RGO.....	56
Tabel 2.12	Toepassingsmoontlikhede van die rekenaar in RGO.....	57
Tabel 3.1	Bepanning van die proeflesse	66
Tabel 3.2	Inligting bekom deur blote waarneming.....	75
Tabel 4.1	Leerderinligting	80
Tabel 4.2	Dataversamelingsinstrumente en -modi.....	82
Tabel 4.3	Dataversamelingsplan	84
Tabel 4.4	Navorsingsverloop.....	85
Tabel 4.5	Uitkomst van kwalitatiewe navorsing volgens Lippert (1994:5).....	89
Tabel 5.1	Vakkundiges se onderwyservaring.....	94
Tabel 5.2	Resultate van vakkundiges se vraelys (persoonlike inligting)	95
Tabel 5.3	Resultate van demografiese inligting van leerdervraelys (milieubenadeelde groep)	96
Tabel 5.4	Resultate van leerders se fisiese- en veiligheidsbehoefes volgens Maslow se hierargie	98
Tabel 5.5	Veranderlikes wat milieubenadeeldheid kan impliseer	102
Tabel 5.6	Was dit maklik om die instruksies op die skerm te volg? (Vraag 14. Bylaag I, p. 200)	105
Tabel 5.7	Milieubenadeelde leerders (Vraag 14. Bylaag D, p. 173) Was dit maklik om die instruksies op die skerm te volg?	105
Tabel 5.8	Frekwensietabel: Ek het die antwoorde geraai (milieubenadeelde groep:Vraag 19. Bylaag I, p. 200)	107
Tabel 5.9	Ek het die antwoorde geraai (%) (milieubenadeelde groep)	108
Tabel 5.10	Ek het die antwoorde geraai (%) (vergelykende groep).....	109
Tabel 5.11	Die lesse was te maklik / te moeilik / net reg (Vraag 21. Bylaag I, p. 200).....	109
Tabel 5.12	Ek moes gedink het om die korrekte antwoorde te kry: (milieubenadeelde groep: Vraag 15. Bylaag D, p. 173)	110
Tabel 5.13	Resultate van die voor- en natoetse (milieubenadeelde groep).....	112
Tabel 5.14	Resultate van die voor- en natoetse (vergelykende groep).....	114


Tabel 5.15	Gemiddelde punt van die natoets minus voortoets	115
Tabel 5.16	Resultate van waarnemers se vraelys ten opsigte van die milieubenadeelde leerders	116
Tabel 5.17	Resultate van vakkundiges se vraelys	120
Tabel 5.18	Vergelykings met Friedmantoets (milieubenadeelde leerders: Vraag 28. Lesreeks 1).....	124
Tabel 5.19	Friedmantoets (vergelykende groep) Les 3.....	125
Tabel 5.20	Vergelykings met Friedmantoets (vergelykende groep) Les 3.....	125
Tabel 5.21	Resultate van vakkundiges se vraelys	127
Tabel 5.22	Ek wil saam met 'n maat in 'n groep werk (milieubenadeelde groep: Vraag 28. Lesreeks 1; Vraag 31. Lesreeks 2; Vraag 30. Lesreeks 3. Bylaag D, p. 173)	131

HOOFSTUK 1

Agtergrond met betrekking tot die navorsingsprojek



Figuur 1.1 Uiteensetting van Hoofstuk 1



1.1 Inleiding

Volgens die *Witskrif oor onderwys en opleiding in 'n demokratiese Suid-Afrika* (Suid-Afrika, 1995), het Suid-Afrika in 'n groot mate die hoogs ontwikkelde onderwysstelsel met die beste hulpbronne op die vasteland van Afrika. Hierdie hulpbronne sluit onder andere die volgende in: goed toegeruste biblioteke, gespesialiseerde onderwys, opgeleide onderwysers en rekenaarsentrums. Hierdie tipe onderwys was tot onlangs slegs vir 'n minderheid elitesektor beskore. Die regering het vir die eerste keer in Suid-Afrika se geskiedenis die mandaat om die ontwikkeling van 'n stelsel van onderwys en opleiding tot voordeel van die land en al die mense as geheel te beplan. Alle betrokkenes by onderwys in post-apartheid Suid-Afrika, het onder meer die belangrike opgawe om 'n regverdige en billike stelsel te ontwikkel wat onderwys en opleiding van **goeie gehalte** aan leerders dwarsdeur die land sal verskaf. Daar bestaan 'n wanbalans in die verspreiding en

verskaffing van onderwys in Suid-Afrika. Volgens die *Witskrif oor onderwys en opleiding in 'n demokratiese Suid-Afrika* (Suid-Afrika, 1995) is miljoene Suid-Afrikaners ongeletterd en word leerders onderrig in skooltoestande wat vergelyk met dié in die armste state. Hierdie Suid-Afrikaners kan as milieubenadeeld beskryf word.

Vir Odendaal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit en Booyen (1988), dui gestremdheid op 'n belemmering of benadeling. In die literatuur word daar soms alternatiewelik na *milieubenadeeldes* as *milieugestremdes* verwys. Pretorius (1994:202) beskryf milieugestremdheid as volg:


Die konsep milieugestremdheid verwys na sosiale groeperinge wat, alhoewel daar bepaalde verskille tussen hulle bestaan, die volgende gemeenskaplike kenmerke openbaar: 'n lae ekonomiese status, 'n lae sosiale status, 'n lae onderwyspeil, die beoefening van minderwaardige beroepe en werkloosheid, beperkte gemeenskapsbetrokkenheid en beperkte potensiaal vir opwaartse sosiale mobiliteit. Die konsep dui verder op sosiale groeperinge wat weens hul milieu-tekorte en psigo-sosiale agterstande in 'n spiraal of sindroom van armoede, deprivasie en kultuurverstokenheid vasgevang sit.

Tydens 'n onderhoud met Pretorius (1996), gee hy sy opinie met betrekking tot die Suid-Afrikaanse leerders wat in hierdie navorsing bestudeer is, soos volg weer:

Blanke kinders is meestal milieugestremd as gevolg van armoede, terwyl die swart kinders milieugestremd is as gevolg van armoede en hulle kulturele andersoortigheid.

Figuur 1.2 dui die onderwysverkryging van milieubenadeeldes in Suid-Afrika aan soos wat die African National Congress (ANC) dit voorstel in die boek *Key indicators of Poverty in South Africa* (African National Congress, 1995).

Figuur 1.2 Onderwysverkryging van die milieubenadeeldes volgens geografiese indeling (%)



Uit die voorafgaande figuur blyk dit dat die landelike milieubenadeeldes beduidende laer opvoedkundige prestasies as die stedelike- of metropolitaanse milieubenadeeldes gelewer het.

Suid-Afrika benodig 'n onderwysstelsel wat gegrond is op nie-diskriminasie, relevante, bekostigbare, kwaliteitonderwys wat die leerproses bevorder en wat al die beskikbare hulpbronne en moderne tegnologie op die doeltreffendste moontlike manier kan benut. In die *Witskrif oor onderwys en opleiding in 'n demokratiese Suid-Afrika*, (Suid-Afrika, 1995) word gestipuleer dat die ministeries gelukkig nie net toegang tot die beste van die ou departementele ervaring het nie, maar ook toegang tot 'n rykdom van vernieuende beleidsnavorsing, kurrikulumontwikkeling, onderrig, onderrigmedia en praktiese ondervinding in die lewering van onderwys aan **afgeskepte gemeenskappe** het. Moderne tegnologie kan 'n positiewe bydrae lewer om die onderwyssituasie te verbeter.

Computers, videos and audio are likely to feature large in the education learning environment so as to enhance the quality of the learning (Suid-Afrika, 1996:47).

Dit wil voorkom dat moderne tegnologie, soos byvoorbeeld die rekenaar, as integrale deel van die onderwys geïmplementeer behoort te word.

Die African National Congress (1994) is dit in sy *Heropbou- en ontwikkelingsprogram* (HOP) eens dat daar in die onderwys van gevorderde wetenskaplike en tegnologiese opleiding gebruik gemaak moet word. Die African National Congress (1994:60) sê ook die volgende ten opsigte van onderwysontwikkeling:

We must develop an integrated system of education that provides equal opportunities to all irrespective of race, colour, sex, class, language, age, religion, geographical location, political or other opinion. It must address the development of knowledge and skills that can be used to produce high-quality goods and service in such a way as to enable us to develop our cultures, our society and our economy.

Volgens die African National Congress (1994) en die Beijing Conference (1995), word dogters gereeld skoolopleiding en ander opleidingsgeleenthede ontsê, omdat hulle vroulik is. Hulle moet egter aangemoedig word om nie-tradisionele vakke soos wiskunde en wetenskap te bestudeer.

Voorsiening moet gemaak word vir die taal-, leer- en ontwikkelingsbehoefte van die milieubenadeeldes. Plaas- en staatskole behoort progressief geïntegreer te word in die gewone, algemene skoolsisteem. Die African National Congress (1994:65) besef dat vernuwing noodsaaklik is soos blyk uit die verskillende leerareas in die nuwe kurrikulum:

The existing curriculum bears the mark of sexism, authoritarianism and outmoded teaching practices. Transformation is essential. Black education, in particular, suffered severe deficits in the areas of science, mathematics, technology, arts and culture. Curriculum development must therefore pay special attention to these areas.

Die *Witskrif oor onderwys en opleiding in 'n demokratiese Suid-Afrika* (Suid-Afrika, 1995) stel dit duidelik dat toepaslike inisiatief in **wiskunde-, wetenskap- en tegnologie-onderwys** noodsaaklik is om die vermorsing van talent te stuit en die nasionale agterstand in te haal. Die voormalige

Transvaalse Onderwysdepartement (1995) maak in die wiskundesillabus spesifieke melding van die volgende:

- Selfwerkzaamheid wat onder andere die *hantering van apparaat* insluit;
- Leerders wat toegelaat moet word om teen *hul eie tempo* te werk;
- Wiskunde-onderrig wat uit 'n *groot verskeidenheid van benaderings en wyses van onderrig* behoort te bestaan, met individualisering as doel.

Volgens Venezky en Osin (1991) en Janse van Rensburg (1994), kan daar met rekenaargesteunde onderwys (RGO) 'n bepaalde leeromgewing geskep word wat bepaalde voordele inhou. Hierdie leeromgewing kan geskep word deur die aanwending en integrering van tegnologie, met besondere verwysing na die rekenaar. Tans word daar gepoog om weg te beweeg van 'n behaviouristiese benadering na 'n meer aktiewe leergerigte benadering^{*1} (Maree, 1995b). Terwyl die rekenaar die belofte inhou om die kwaliteit en die omvang van die leerervaring te verbeter, lê die uitdaging egter in die **gebruik van die vermoëns van die rekenaar** om hierdie verlangde resultate te verkry.

1.2 Doelstellings met die navorsing

Met die onderhawige navorsing word beoog om ondersoek in te stel na die moontlikhede van RGO om die wiskunde-onderrig van milieubenadeelde leerders te verbeter en om hulle leerprobleme te hanteer. Hierdie navorsing poog nie om die leerders se milieubenadeeldheid te hanteer of op te los nie, dit poog wel om die praktiese uitvoerbaarheid van die gebruik van RGO te bepaal om sodoende vir hierdie leerders 'n meer doeltreffende leeromgewing te skep.

Om hierdie doel te verweselik, het die onderhawige navorsingsprojek as volg ontplooi:

1.2.1 'n Literatuurondersoek

'n Literatuurondersoek is gedoen oor die volgende aspekte:

- milieubenadeeldheid;
- wiskunde-onderrig;
- tweedetaalonderwys;
- die verband tussen taal- en wiskunde-onderrig; en
- rekenaargesteunde onderwys en milieubenadeeldheid.

1.2.2 'n Reeks rekenaargesteunde lesse

Daar is tweedens 'n reeks rekenaargesteunde lesse ontwikkel, deur:

- gebruik te maak van bestaande rekenaarprogrammatuur,

*1 Kyk: Paragraaf 1.4.6, p.12

- 'n unieke rekenaargesteunde wiskundeprogram oor woordsomme vir graad ses leerders te ontwikkel, en
- gebruik te maak van meerdoelige programmatuur, met spesifieke verwysing na 'n sigbladpakket.

1.2.3 Die praktiese uitvoerbaarheid van die model

Die model is laastens by verskillende skole in die Mpumalanga-provinsie geïmplementeer. Vanweë die omvang van die projek is drie ander navorsers ook by die projek betrokke. Hierdie navorsers is hoofsaaklik by die ontwikkeling, ontwerp en aanbieding van die reeks wiskundelesse betrokke. Die hoofnavorser van hierdie projek tree as projekteier en -koördineerder op.

'n Evalueringsmodel is saamgestel deur die evaluasie-tipes van Reeves (1993) te kombineer met die voorstelling van du Preez (1995:5).

Tabel 1.1 Evalueringsmodel vir die navorsingsprojek

Rasionaal	Voornemens	Fasette van evaluering
	Identifiseer en ontwikkel programmatuur wat in die wiskundeklas gebruik kan word. Die programmatuur moet: <ul style="list-style-type: none"> • maklik wees om te gebruik; en • bekostigbaar wees. 	<ul style="list-style-type: none"> • Dokumentasie-evaluasie. • Hulpbronne.
	Ontwikkel 'n reeks tegnologie-gebaseerde wiskundelesse. Die drie lesreekse sal: <ul style="list-style-type: none"> • deur milieubenadeelde leerders in graad ses gebruik word; • die leerders aan die rekenaar bekendstel; • die leerders in staat stel om 'n sigbladpakket te gebruik; • die leerders aan woordsomme blootstel; • die leerders aan drill en inoefening van die basiese rekenkundige vaardighede (+, -, x, ÷) blootstel; en • uit drie lesse van 30 minute elk bestaan. 	<ul style="list-style-type: none"> • Formatiewe evaluasie. • Instruksionele materiaal.

Rasionaal	Voornemens	Fasette van evaluering
	Die leerproduk sal: <ul style="list-style-type: none"> • die datahanteringsproses aanvul; en • 'n positiewe houding teenoor tegnologie by die leerders kweek. 	<ul style="list-style-type: none"> • Effektiwiteitsevaluasie. • Effektiwiteit van leerproduk.
	Na afloop van die aanbieding van die lesreekse, sal die leerders en onderwysers wat betrokke was by die projek, gemotiveerd wees om meer betrokke te raak by die gebruik van RGO in wiskunde-onderwys.	<ul style="list-style-type: none"> • Impakevaluasie. • Impak van leerproduk.

Die uiteindelijke doel van die evalueringsplan is om die ooreenstemming tussen die voornemens van die navorsingsprojek en die waarnemings te bepaal en te beskryf (du Preez, 1995). Hierdie ooreenstemming word in Hoofstuk 5 beskryf.

1.3 Navorsing

1.3.1 Soortgelyke navorsing in Suid-Afrika

In Suid-Afrika is daar relatief min navorsing gedoen met betrekking tot rekenaargesteunde onderwys (RGO) in wiskunde vir milieubenadeeldes. Met behulp van 'n soektog by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) se NEXUS-databasis gedurende Februarie 1996, kon slegs sewe verwante navorsingstudies opgespoor word. Soos gesien kan word in Tabel 1.2, is hierdie 'n relatief nuwe navorsingsveld. Nie een van ondergenoemde navorsers het gepoog om wiskunde in die primêre fase vir milieubenadeeldes met behulp van bestaande pakkette of 'n sigbladpakket te ondersoek nie.

Tabel 1.2 Die resultaat van die soektog by die RGN se NEXUS-databasis

Navorser	Onderwerp	Jaar	Graaddoeleindes
Jones, R.C.	Large scale implementation of a computer-based education programme for disadvantaged high school pupils at matriculation level.	1986	M.Ed
Knoetze, J.G., Muller, A., Schoeman, A en Wessels, J.G.L.	Computer-assisted instruction in Arithmetic/ Mathematics with the Toam system in a number of primary schools: Part 2.	1987	Nie-kwalifikasie

Navorsers	Onderwerp	Jaar	Graaddoeleindes
Drost, A.W. en Knoetze, J.G.	'n Evaluering van die vakinhoudelike en didaktiese gehalte van die Sergo-stelsel vir Rekenaargesteunde Onderrig in primêre skool wiskunde.	1989	Nie-kwalifikasie
Metrowich, T.P.	Computer-assisted instruction and teacher in-service education in mathematics in primary school for black children.	1991	PhD
Booyse, G.	Wiskundelesse vir standerd 10 met behulp van 'n sigblad: 'n verkennende studie.	1993	M.Ed (RGO)
Kuhn, L.	'n Vergelyking tussen rekenaargesteunde en konvensionele eksaminering by junior-sekundêre wiskunde leerders.	1993	M.Ed
Stoffberg, K.	Gebruik van 'n sigblad in standerd 7 wiskunde: 'n verkennende studie.	1993	M.Ed (RGO)

1.3.2 Die onderhawige studie: navorsingsvrae

Die primêre navorsingsvraag wat die onderhawige studie rig, is:

Wat is die uitvoerbaarheid van rekenaargesteunde onderwys vir milieubenadeeldes in wiskunde in die senior primêre fase ten einde 'n positiewe leeromgewing te skep?

Die volgende navorsingsvrae spruit uit bogenoemde primêre navorsingsvraag en word in Tabel 1.3 uiteengesit.

Tabel 1.3 Navorsingsvrae opgestel vir die projek

Onderwerp	Navorsingsvrae	Subvrae
Hulpbronne	1. Wat is die aard van milieubenadeeldheid van die teikenbevolking?	<p>a] Wat is die ouderdom, geslag en huistaal van hierdie teikenbevolking (demografiese inligting)?</p> <p>b] Wat is die leerders se fisieke en veiligheidsbehoefes volgens Maslow se hiërargie (lopende water en elektrisiteit, toesig en voedselvoorsiening)?</p>

Onderwerp	Navorsingsvrae	Subvrae
Situasie-analise	2. Watter probleme manifesteer wanneer milieubenadeeldes wiskunde-onderwys ontvang?	Op watter terreine word daar probleme ondervind: a] Kognitiewe? b] Affektiewe? c] Normatiewe? d] Psigomotoriese?
Instrukionele materiaal	3. Watter probleme manifesteer wanneer milieubenadeeldes rekenaargesteunde wiskunde-onderwys ontvang?	a] Is dit maklik om die instruksies op die skerm te volg? b] Kan die gekose rekenaaraapparaat die aanleerproses by die leerders bemoeilik? c] Is die moeilikheidsgraad van die lesse geskik vir die teikengroep?
Effek van die lesse	4. Kan die rekenaar 'n sinvolle rol speel in wiskundelesse vir milieubenadeeldes (of is die agterstand so groot dat die rekenaar 'n addisionele las word)?	a] Sal die leerders effektiewe denkprosesse aanwend? b] Wat is die leerders se houding ten opsigte van die lesse? c] Wat is die vakkundiges se houding ten opsigte van die lesse? d] Wat is die waarnemers se houding ten opsigte van die lesse? e] Hoe kan die lesse verbeter word? f] In hoe 'n mate maak die rekenaar die onderwerp interessanter? g] Is die les- en leerdoelwitte bereik?
Impak van die leerproduk	5. Hoe toepaslik is die aspekte van die rekenaar wat nagevors is, (naamlik rekenaargesteunde dril en inoefeningprogramme, tutoriale, speletjies en sigbladpakkette)?	a] Kan enkel- en meerdoelige programmatuur sinvol in die wiskundelesse geïmplementeer word? b] Sal die leerders meer baat vind by kooperatiewe leer?

In opvolging van die studie van Janse van Rensburg (1994), is die uitgangspunt of veronderstelling dat rekenaargesteunde onderwys wel 'n sinvolle bydrae kan lewer in die onderrig van milieubenadeeldes op die affektiewe-, normatiewe-, kognitiewe- en psigomotoriese terreine.

1.4 Begripsomskrywing

Enkele begrippe wat in die navorsing gebruik word, vereis verdere toeligting:

1.4.1 Rekenaargesteunde onderwys (RGO)

Knoetze (1993:91) definieer rekenaargesteunde onderwys as:

daardie toepassings wat hoofsaaklik met die ontsluiting en/of bemeestering van vakinhoud te doen het.

Volgens Janse van Rensburg (1994) is rekenaargesteunde onderwys 'n "opvoedkundige benadering" met unieke voordele en beperkinge. Vir die doel van die studie word aanvaar dat RGO op 'n situasie dui waarin die onderwyser en die leerders aktief met behulp van 'n rekenaar besig is om inligting te ontsluit. Die rekenaar word as hulpmiddel in die onderrig aangewend, terwyl die onderwyser steeds 'n inisieerder en fasiliteerder bly.

1.4.2 Milieubenadeeldheid

Die konsep milieubenadeeldheid of milieugestremdheid verwys volgens Le Roux (1992) en Pretorius (1994) na sosiale groeperinge wat onder andere die volgende gemeenskaplike kenmerke openbaar: 'n lae ekonomiese status, 'n lae sosiale status, 'n **lae onderwyspeil** en beperkte potensiaal vir opwaartse sosiale mobiliteit. As gevolg van hierdie agterstande word mense vasgevang in 'n spiraal van armoede, deprivasie en kultuurverstokenheid. Sodoende ervaar hulle ook ernstige belemmeringe wat betref hul optimale selfaktualisering, die verbetering van hul lewenskanses en die bereiking van 'n bevredigende lewensgehalte.

Volgens Mortimore en Blackstone (1982:3) is milieubenadeeldheid tyd en plek gebonde:

Social disadvantage is not easy to define partly because it is a relative concept, tied to the social context of time and place. Thus, circumstances that are considered to put people at a disadvantage today might not have been considered in the same light ten years ago.

Similarly, what is considered an inadequate wage or an unacceptable environment in one part of Britain may be perceived differently in another area.

Wedge en Prosser (1973) sê dat milieubenadeeldheid gewoonlik voorspruit uit 'n kombinasie van drie kategorieë, naamlik sekere familiesamestellings (enkelouer of groot families), lae inkomstegroepe en swak behuising.

1.4.3 Tweedetaalonderwys

Tweedetaalonderwys dui daarop dat leerders in 'n **ander taal** as hulle moedertaal onderwys ontvang. Die medium van onderrig verskil dus van hulle moedertaal. Hulle kan taal slegs op gebrekkige wyse benut as kommunikasie-, intelligensie-, ekspressie- en abstraheringsmiddel. In enige veeltalige land, is die vraag na die medium van onderwys problematies en kompleks. Onderwysers moet voorsiening maak vir leerders wat onderwys ontvang in hulle tweede taal.

De Melo (1994:10) skryf die volgende in verband met tweedetaalonderwys in Suid-Afrika:

Since 1990, South Africa has moved into a transitional period politically, and racial integration in traditionally white, state-aided schools is occurring rapidly. Many black South Africans regard competence in English as essential for social, economic and political advancement. English medium schools have enrolled substantial numbers of black children over the past three years. Inherent in this move to racial integration in schools are many cultural and linguistic issues, not least of which is the pervasive nature of language in the social adjustment and academic achievement of children.

Onderwysers en ouers behoort na konseptuele duidelikheid te strewe deur inligting so duidelik en ondubbelsinnig as moontlik aan leerders oor te dra. Onderwys kan gestrem word as die leerder nie verstaan wat die ouer of onderwyser bedoel nie. Moedertaalonderrig bly steeds die beste didaktiese onderwysinstrument (Heese en Badenhorst, 1992).

1.4.4 Rekenaargesteunde onderwysprogramme

In hierdie navorsing word daar telkens verwys na:

- a] **enkeldoelige programmatuur**, soos tutoriale, drill en inoefeningprogramme en speletjies; en
- b] **meerdoelige programmatuur**, soos sigbladpakkette.

Alessi en Trollip (1991:10) definieer enkeldoelige programmatuur as volg:

Tutorials are programs that generally engage in the first two phases of instruction. They take the role of the instructor by presenting information and guiding the learner in initial acquisition. Drills and games typically engage in the third phase, requiring the student to practice for fluency and retention. Tests almost always represent the last phase, assessing the level of learning.

Volgens Knoetze (1993) stel meerdoelige programmatuur soos sigbladverwerkingspakkette die gebruiker in staat om tabelle op 'n elektroniese wyse te konstrueer waarmee wiskundige en/of rekenkundige berekeninge outomaties gedoen kan word. Die verwantskappe tussen wiskundige veranderlikes kan verder ook grafies voorgestel word.

1.4.5 Konstruktivisme

Visser (1994:2) lewer die volgende uitsprake rakende konstruktivisme:

Volgens Piaget, wie se leerteorie deur sommige as 'n volledige raamwerk van die leerproses beskou is, bestaan die menslike intellek uit patrone van denke en fisiese aksies wat hy skemas noem. Wanneer 'n persoon voor 'n nuwe situasie of probleem te staan kom word die inkomende stimulusinligting of data òf met bestaande skemas geassimileer òf die bestaande skemas word aangepas om die nuwe inligting te inkorporeer.

1.4.6 Probleemgesentreerde onderwys

Volgens Maree (1995b:50) beklemtoon die probleemgesentreerde benadering die volgende:


Hierdie benadering beklemtoon onder meer die belangrikheid van sosiale interaksie, saamwerk in groepe, probleemoplossing, 'n ondersoekende ingesteldheid en leerlingbetrokkenheid in die wiskundeklaskamer.

1.5 Hoof trekke van verslaglewering

- Hoofstuk 2 'n Literatuurstudie om die rol van die rekenaar in die onderrig van wiskunde vir milieubenadeeldes toe te lig.
- Hoofstuk 3 'n Eksperimentele ontwerp. Hier word 'n uiteensetting van die hele projek gegee.
- Hoofstuk 4 Metode van ondersoek: die evalueringsmetodes en -instrumente wat ontwerp en gebruik is.
- Hoofstuk 5 Dataverwerkingsprosedures en –verwerking van die resultate.
- Hoofstuk 6 Gevolgtrekking en aanbevelings ten opsigte van die navorsing.

HOOFSTUK 2

Literatuurstudie: die milieubenadeelde leerder en rekenaargesteuende wiskunde-onderwys



Figuur 2.1 Uiteensetting van Hoofstuk 2

2.1 Inleiding	2.2.1 Inleiding: definisies en benaminge	
2.2 Die problematiek van die milieubenadeelde leerder	2.2.2 Milieubenadeeldheid: perspektief	
	2.2.3 Die milieubenadeelde situasie: internasionaal en plaaslik	2.2.3.1 Internasionale perspektief
		2.2.3.2 Die situasie in Suid-Afrika
	2.2.4 Kenmerke en agterstande van die milieubenadeelde leerder	2.2.4.1 Fisiese tekorte
		2.2.4.2 Ervaringsagterstande
		2.2.4.3 Taalagterstande
	2.2.5 Onderwys vir die milieubenadeelde leerder	2.2.4.4 Ondoelmatige leerstyl
2.2.4.5 Onderwysagterstande		
2.2.4.6 Kognitiewe agterstande		
2.2.4.7 Sosiaal-afektiewe agterstande		
2.3 Wiskunde, leer en die milieubenadeelde leerder	2.3.1 Beleid	
	2.3.2 Wiskunde konsepsillabus	
	2.3.3 Teoretiese agtergrond	
2.4 Die rol van die rekenaar in die onderwys	2.4.1 Inleiding	2.4.3.1 Dril en inoefeningprogram
	2.4.2 Indeling van rekenaar-gesteunde onderwys	2.4.3.2 Tutoriale
		2.4.3 Enkeldoelige programmatuur
	2.4.4 Meerdoolige programmatuur	2.4.4.1 Sigbladpakkette
	2.5 Toepassingsmoontlikhede van RGO met spesifieke verwysing na wiskunde	2.5.1 Inleiding
2.5.2 Wiskundesillabus		
2.5.3 Klaskamerpraktyk		2.5.3.1 Rekenaargesteunde wiskunde-onderwys
		2.5.3.2 Besikbaarheid van rekenaar-programmatuur
	2.5.3.3 Toepassingsmoontlikhede van die rekenaar in wiskunde-klasse	
2.6 Samevatting		

2.1 Inleiding

Volgens Babbie (1992) het 'n literatuurstudie dit ten doel om antwoorde op die volgende vrae te verskaf:

- Wat het ander navorsers al oor die onderwerp geskryf?
- Is daar al vantevore soortgelyke navorsing gedoen?
- Is daar ooreenstemmende bevindings of verskil die navorsers in hierdie verband?
- Is daar gebreke in die bestaande navorsing wat deur die navorser hanteer kan word?

Die doel met die onderhawige literatuurstudie is om 'n teoretiese agtergrond te skets rakende die gesitueerdheid van die milieubenadeelde leerder en dit in konteks te plaas met rekenaar-gesteunde onderwys. Daar word gekyk na wat ander navorsers oor hierdie onderwerp geskryf het en of daar al vantevore soortgelyke navorsing gedoen is. Ooreenstemmende bevindings of verskille word uitgewys en daar word gepoog om gebreke in bestaande navorsing aan te spreek.

Hierdie hoofstuk verteenwoordig 'n poging om navorsing te doen oor die bydrae wat die rekenaar kan lewer in die onderwys van wiskunde, deur na die volgende aspekte te kyk:

- Die problematiek van die milieubenadeelde leerder.
- Wiskunde, leer en die milieubenadeelde leerder.
- Die rol van die rekenaar in die onderwys.
- Toepassingsmoontlikhede van RGO met spesifieke verwysing na wiskunde.

2.2 Die problematiek van die milieubenadeelde leerder

2.2.1 Inleiding: definisies en benaminge

Volgens Pretorius (1994) impliseer die benaminge wat in verskillende lande ten opsigte van die milieubenadeelde leerder gebruik word, alreeds 'n aanduiding van die leerders se gesitueerdheid, gesteldheid, kenmerke en agterstande. Anglo-Amerikaanse lande gebruik onder andere die volgende benaminge:

disadvantaged, scholastic or academic retardation, chronically poor, culturally different (Pretorius, 1994:205).

culturally deprived, culturally different, socially different, educationally deprived, and culturally handicapped (Johnstone, 1970:2).

Navorsers in Engeland gebruik onder andere die volgende benaminge:

the disadvantaged, social disadvantaged (Pilling, 1990:23; Kellaghan, 1977:11).

In Nederland staan hierdie leerders bekend as:

die sosiaal-belemmerde leerders, leerders van ongeskooldes, arbeiderleerders, die maatskaplike agterhoede (Pretorius, 1994:205).

In Suid-Afrika kom die volgende terme algemeen voor:

agtergeblewenes, agtergesteldes, milieugestremdes, milieugeremdes, milieubenadeeldes, disadvantaged, deprived, verarmdes, kultuurverstoekte leerder, sosiaal- of kultureel-misdeelde leerder, sosio-pedagogiese deprivasie, leerders van ongeskooldes, geographically/ economically/ educationally/ socially/ culturally disadvantaged/ deprived/ handicapped (Pretorius, 1994:205).

In die onderhawige studie word die term "milieubenadeelde" gebruik en word geen politieke konnotasie geïmpliseer nie.

Milieubenadeeldheid impliseer oor die algemeen 'n lae ekonomiese status, 'n lae sosiale status en 'n lae onderwyspeil².

Volgens Le Roux (1992), Johnston (1970) en Pretorius (1994) word dit verder gekenmerk deur:

- geografies-fisieke ontoereikendheid, veral in terme van fisieke omgewing, woonbuurt, behuising, materiële goedere;
- gebrekkige kommunikasie; en
- die handhawing van 'n lae kulturele peil.

2.2.2 Milieubenadeeldheid: perspektief

Milieubenadeeldheid kom wêreldwyd voor. Le Roux (1992) en Pretorius (1994) beweer dat daar in alle lande sekere kwesbare sosiale groeperinge met 'n lae sosio-ekonomiese en kulturele niveau voorkom. Hulle noem dit die milieubenadeelde of sosio-kultureel misdeelde laag van die samelewing. Pretorius (1994:202) wys op:

'n noue verband tussen die kulturele peil van die leerder se sosio-ekonomiese milieu en sy skoolsukses, en dat die leerder wat ernstige sosiale, kulturele en opvoedingsbelemmeringe ervaar, nie met die voorskoolse en buiteskoolse ervaring toegerus word wat vir optimale skoolprestasie nodig is nie.

In Suid-Afrika gaan agtergeblewenheid, armoede en milieubenadeeldheid hand aan hand met werkloosheid, honger, wanvoeding, ontoereikendheid van basiese dienste, onderwys, disintegreer van gesinne, kwesbaarheid en somtyds wanhoop (HOP, 1995).


Le Roux (1994:i) skryf die volgende in die voorwoord tot sy boek, *The black child in crisis*:

The future of any country is in the hands of all its children who must be reared and educated towards the attainment of responsible adulthood and full citizenship. Each child who is denied opportunities for full development becomes an economic and social burden for the country in the long term. An investment in a child is an investment in the future of our country.


² Kyk: Paragraaf 1.4.2, p.10

In Figuur 2.2 gee Garbers (1980) 'n geheelbeeld van milieubenadeeldheid.

Figuur 2.2 'n Skematiese voorstelling van die geheelbeeld van milieubenadeeldheid (Garbers, 1980:52)



In Figuur 2.3 stel Williams (1973:2) milieubenadeeldheid en armoede as 'n sirkel van menslike vasgevangenskap voor.

Figuur 2.3 Die sirkel van armoede

Uit Figuur 2.2 en 2.3 is dit duidelik dat die milieubenadeeldes hulle in 'n kringloop bevind en dat dit vir hulle baie moeilik is om uit hierdie situasie te ontsnap.

2.2.3 Die milieubenadeelde situasie: internasionaal en plaaslik

2.2.3.1 Internasionale perspektief

Die onderstaande tabel vergelyk Suid-Afrika met ander lande met dieselfde vlakke van inkomste. Tabel 2.1 gee 'n aanduiding van hoe sleg Suid-Afrika vaar met betrekking tot al die aanwysers van milieubenadeeldheid (insluitend lewensverwagting, babasterftes, ongeletterdheid, vrugbaarheid en die toeganklikheid tot water).

Tabel 2.1 Vergelykbare sosiale aanwysers (HOP, 1995:6)

Aanwysers	Middelinkomste lande							Sub-Sahara Afrika		
	Thailand	Pole	Chili	Suid-Afrika *	Brasilië	Maleisiese Rep	Venezuela	Kenia	Nigerië	Tanzanië
BNP per capita VSA\$ (1992)	1,840	1,910	2,730	2,670	2,770	2,790	2,910	310	320	110
Lewensverwagting (jare) (1992)	69	70	72	63	66	71	70	59	52	51
Babasterftes ** (1992)	26	14	17	53	57	14	33	66	84	92
Vrugbaarheid (1992)	2,2	1,9	2,7	4,1	2,8	3,5	3,6	5,4	5,9	6,3
Toegang tot water (%) (1990)	77	89	87	76	86	70	92	49	42	52

* Suid-Afrikaanse data is 'n gemiddeld van al die rasse-groepe

** Dood van babas onder een jaar per 1000 geboortes

Suid-Afrika toon die swakste rekord op die meeste aanwysers.


2.2.3.2 Die situasie in Suid-Afrika

Die meerderheid van die swart bevolking (64%), kan as milieubenadeeld beskou word. Die Blankes (1%), Kleurlinge (32%) en Indiërs (3%) kan in 'n mindere mate as milieubenadeeld beskou word (HOP, 1995). Volgens die HOP (1995) is 39 - 42% van Suid-Afrikaners milieubenadeeld.

Figuur 2.4 gee 'n aanduiding van milieubenadeeldes volgens *rasse-indeling* (HOP, 1995:12)³.

³ Daar word telkens in die studie na verskillende rasse verwys. Die onderskeiding wat gebruik word is kunsmatig. Dit poog nie om na die apartheidsera te verwys nie. Rasse-indeling word slegs gebruik om op 'n sinvolle wyse afleidings te maak en implikasies van bestaande ongelykhede uit te wys.

Figuur 2.4 Milieubenadeeldes volgens rasse-indeling (%)



Die omvang van **ongeletterdheid** neem ook groot afmetings aan. Volgens 'n opname gedoen deur die Suid-Afrikaanse regering in 1985, beskik 67,5% van die swart bevolking oor 'n standaard drie (graad vyf) of laer kwalifikasie (COSATU, 1992). In die onderhawige navorsing is die leerders nie ongeletterd nie, maar in baie gevalle is die ouers en ander bloedverwante waarskynlik wel ongeletterd.

Coetzee (1990) voer die volgende redes aan vir die hoë ongeletterdheidsyfer wat in Suid-Afrika voorkom:

- tekortkominge in die formele onderwysstelsel,
- beperkte toegang tot skole,
- 'n tekort aan behoorlike fasiliteite in skole,
- hoë uitsaksyfer veral by swart leerders,
- die swak gehalte van onderwys veral in swart skole,
- hoë onderwyser-leerder verhouding,
- swak opgeleide onderwysers, veral in swart skole, en
- moedertaalonderrig wat soms slegs tot op graad vier vlak plaasvind. Leerders word vanaf graad vyf blootgestel aan tweedetaalonderrig.


Die meeste van die milieubenadeeldes woon in **landelike** gebiede (75%), alhoewel slegs 53% van die land se totale bevolking daar voorkom (HOP, 1995). Milieubenadeeldes is ook oneweredig tussen die provinsies versprei. Uit Figuur 2.5 blyk dit dat 24% van die milieubenadeeldes in die Oos-Kaap voorkom, 21% in KwaZulu Natal, 18% in die Noordelike provinsie en 9% in Mpumalanga.

Volgens die *Mpumalanga Witskrif oor Onderwys en Opleiding* (Suid-Afrika, 1996:2):

kom daar 'n populasie van 3 miljoen mense in hierdie provinsie voor. Die meerderheid is in landelike of semi-landelike areas woonagtig. Hierdie mense se vernaamste bron van inkomste spruit uit pensioene, welsynuitbetalings en geleentheidswerk.

Die meeste mense lewe in omstandighede van armoede met hoë vlakke van werkloosheid.

